

VAKATURE - VOLTYDSE LERAAR

Nederduitsch Hervormde Gemeente Nkana, Zambië

Die gemeente Nkana in die noorde van Zambië is tans vakant. Die Kerkraad adverteer hiermee die vakature vir 'n voltydse predikant in die gemeente.

Gemeenteprofiel: Die gemeente beslaan die noordelike deel van Zambië en het ses eredienspunte wat in Afrikaans bedien word. Die meeste lidmate is boere en werknemers op die myne. Vir vroue word normaalweg nie werk voorsien nie. Die gemeente bestaan uit ongeveer 100 middeljarige lidmate. Die lidmate kom uit gerereformeerde en charismatiese groeperings wat so bedien moet word dat daar deurlopende samewerking en eenheid is. Die meeste lidmate se kinders is Engelssprekend en moet in die gemeente geakkommodeer word. Daar is 'n groot behoefte aan *koinonia*, veral om buitestaanders by die gemeente betrokke te kry.

Die bedieningsplan waardeur al die eredienspunte in die gemeente bedien word, sal deurlopend onder leiding van die predikant aangepas moet word. Die opbou van die gemeente, uitbreiding van die getalle en insluiting van anderstaliges is belangrik. Eredienspunte is sover as 250 km van die gemeentesentrum in Kitwe af en die toestand van paaie wissel van redelik goed, tot baie sleg.

Kitwe is 'n groot multikulturele dorp met 'n baie netjiese winkelsentrum waarin van die groot kettingwinkels en restaurante, soos Pick 'n Pay, Shoprite, Game en die Spur, sake doen. Daar is ook 'n Woolworths, Pep en Ackermans wat klere verskaf en heelparty winkels vir elektroniese toerusting. Die standaard van staatskole in die land is nie goed nie en onderrig in privaatskole is geweldig duur. Daar is goeie mediese dienste beskikbaar, maar 'n omvattende mediese skema wat buitelandse hulp moontlik maak, is onontbeerlik.

Profiel van die predikant: Die predikant se ampswerk sluit in uitvoering van die gemeente se bedieningsplan, geestelike bediening van lidmate deur prediking, pastoraat, Bybelstudie, toerusting en missionale werk. Verder behels dit kommunikasie, mede-toesig en gedeelde leiding met die gemeente se finansies en projekte. Die predikant moet bereid wees om gereeld weg te wees van die huis af om vêrafgeleë bedieningspunte te besoek. Indien die predikant getroud is, sal dit egter moontlik en wenslik wees as sy vrou saam met hom betrokke is.

Versorging deur die Kerkraad: Die Kerkraad onderneem om die aansoek vir 'n werkspermit te hanteer en te betaal. Die kerkraad bied aan:

- Die kontantdeel van die traktement bedra K15 000 per maand (vyftienduisend *kwacha*). Afhangend van die wisselkoers, beloop dit sowat R20 000 per maand. Aanpassings sal in die toekoms gemaak word afhangende van die produktiwiteit van die predikant, die groei van die gemeente en die sterkte van die *kwacha*.
- Gratis huisvesting in 'n veilige multikulturele omgewing in 'n gemeubileerde en toegeruste huis in die dorp Kitwe. Dit sluit in gratis munisipale koste en DSTV. Die gemeente vergoed 'n tuinwerker en 'n huishulp. Die pastorie is so toegerus dat 'n predikantspaar feitlik net met hulle klere en persoonlike items Zambië toe kan kom. Die invoer van meubels is onnodig en word gewoonlik deur lang verdragings by die grens, uiters moeilik en problematies.
- Die gemeente se motor is beskikbaar vir die bediening en persoonlike gebruik en sluit instandhouding en brandstof in.
- Vier vliegkaartjies per jaar vir besoeke aan SA is in die vergoedingspakket ingesluit.
- Gewone verlof en mediese voordele volgens die Kerk se voorskrifte.

Belangstellendes kan die konsulent van die gemeente, ds Eksteen Botes kontak met enige navrae by ebotes@nhk.co.za / 083 262 0677, of die huidige deeltydse brugpredikant, prof Biëks Beukes by 072 036 4960 / beukesm13@gmail.com, of Zambië telnr +26 96 6785983.

Vanweë die buitengewone omstandighede vir die belangstellende predikant en die gemeente, sal van die geïdentifiseerde predikant verwag word om vir 'n kort proeftyd in Zambië te werk voordat 'n permanente beroep uitgebring word. Daar word ook van die predikant verwag om vir 'n tydperk onder mentorskap van die huidige brugpredikant, prof Bieks Beukes, te werk.

Die Kerkraad behou die reg voor om ook 'n predikant buite die lys van belangstellende persone te beroep of te benoem.

Aansoeke moet gerig word aan die konsulent, ds Eksteen Botes by ebotes@nhk.co.za. Aansoeke moet asseblief vergesel word van 'n kort CV en moontlike verwysings vir navrae deur die kerkraad.

Sluitingsdatum: Maandag 30 April 2018

Die werk- en woonsituasie is in die besonder geskik vir ongetroude persone en pensionarisse met goeie gesondheid, werkywer en 'n sterk roepingsbewustheid. Verhuising hoef ook nie onmiddellik plaas te vind nie.